



## *Liefde wat Oorloop*
## Genesis 24:57-67

Hulle het geantwoord: “Kom ons roep die dogter en vra haar wat sy verkies.”

Hulle het vir Rebekka geroep en vir haar gevra: “Wil jy saam met hierdie man gaan?”

Sy het geantwoord: “Ja!”

Isak het vir Rebekka in die tent van Sara, sy ma, laat woon en met Rebekka getrou. Sy was sy vrou en hy het haar liefgehad. So is Isak vertroos ná sy ma se dood.

Die verbondsbelofte hang weereens in die weegskaal. Dit skarnier tussen die dood van Sara en die ouderdom van Abraham. Ons het ’n ver pad getrek tot hier. Kain se nasate leef so ver oos as moontlik (Gen 4:16). Die wêreld is meer Sodom as Sion, meer Gomorra as Gelofteland. Die hoop was op die seuns van Set, maar in die nadraai van die vloed en onder die skaduwee van ’n Babelse verwarring hoor ons dat Sara nooit ’n ma vir Abraham se kinders kan wees nie (Gen 11:30). Met die nuwe name van die ou verbond (Gen 17) trek ons saam met Abraham en Sara. Almal hou asem op terwyl ’n slavin se seun moet instaan vir die onvrugbaarheid van ongeduld (Gen 16).

Swangerskaptoets op -toets. Kan die Bybel só lagwekkend wees? Mag dit enigsins ons skok en walg? Laat ons toe dat bejaarde mense sulke drome droom, van verlange en begeertes? Of is ons oorgelaat aan onse Lot en dié se kinders waaroor ons eerder swyg (Gen 19:30–38)? Maar helaas, die hoop beskaam nie. Kyk! Die lagopwekkende aard van God kan ’n mens hoor in die geboortepyne in Sara se tent (Gen 21:1–7). Maak gou! Loop soek ’n vroedvrou oud genoeg vir die ma wat lankal ’n ouma moes

gewees het. Die kind is aan die kom, al laggende, met een groot “grin” op sy gevreet. Isak, want Hy maak ons lag.

Maar Isak lag lankal nie meer nie. Hy dwaal rond in die veld op so ’n vreemde wyse dat die antieke skrywers net een keer in die hele Bybel só van iemand se wandelinge praat (Gen 24:63). Later ontdek ons hoe leeg sy ma se tent is en hoe seer die verlange na haar was (Gen 24:67). Sy sterwende pa laat sy dienskneg met ’n eed belowe om vir Isak ’n goeie vrou te vind (Gen 24:2–4). Dit is só ’n gewigtige saak dat die dienskneg sy hand op Abraham se geslagsdele moet sit wanneer hy die belofte aan sy meester maak (Gen 24:2, 9). Dit is ’n skokkende beeld wat verlore gaan in die meeste vertalings, maar volgens Robert Alter is dié simboliek nie toevallig of ontoepaslik nie, want dit gaan juis hier oor die toekoms van Abraham se na(geslag) — en daarsonder is die verbond ’n leë belofte.

Die verhaal wat volg is seker een van die mooiste vertellings in die hele boek en daarom dalk ook die langste hoofstuk in Genesis. Terug na die mense wat hom as Abram onthou — daar sal die dienskneg die regte vrou vir Isak vind (Gen 24:4, 10). Hy neem juwele en tien kamele (Gen 24:10, 22). Die keuse vir pakdiere is ’n vreemde een, want die gebruik van kamele as pakdiere verskyn eers later op die toneel, volgens wat ons weet van argeologiese ontdekkings. Maar dalk is dit juis doelbewus deur die verteller, wat teen dié tyd al te goed die weë van ’n dorstige kameel ken. Watter vrou sal vir Isak deug? Sy moet mooi wees, beslis. ’n Maagd, nodeloos om te noem. Iemand van dieselfde dam se eende — immers die opdrag van Abraham. Maar wat sal die troefkaart wees? Wat gaan haar van die res onderskei? Kom ons vat met ons saam pakdiere wat sy glad nie sal ken nie. Kom ons toets haar gasvryheid tot op die uiterste. Sal sy inpas in die tent van hom wat die drie besoekers ontvang het (Gen 18)? Hy wat namens Sodom en Gomorra gepleit het (Gen 18:22–33). Hy wie se hart gebreek het vir sy slavin en buite-egtelike seun (Gen 21). Hy wat bereid was om selfs sy geliefde seun — haar toekomstige man — op te offer aan God (Gen 22). Abraham, dié gulhartige, gasvrye meester, verdien ’n soortgelyke gulhartige gees vir sy nie-meer-laggende seun.

Liewe leser, doen jouself ’n guns en sit met Genesis 24 vir ’n wyle. Lees dit soos ’n Homeriese verhaal. Gaan sit saam met die naamlose slaaf by hierdie fontein (Gen 24:11–14). Vele verhale van ontmoetings by só ’n put sal na dese oor en oor herhaal word: Jakob en Ragel (Gen 29), Moses en Sippora (Eks 2), Jesus en die Samaritaanse vrou (Joh 4).

Kyk hoe bid die dienskneg: “Asseblief, Here, laat dit vandag met my gebeur” (Gen 24:12). Sommige sal sê, op grond van die Hebreeus,

dat hy "try sy luck". Maar is dit tog nie waar vir ons almal nie? Om te bid by die fontein vir uitkoms, vir ’n stukkie goeie geluk, vir ’n break, dat die meetsnoere mooi sal val. As jy nog nie só gebid het nie, het jy nog nie so ver uit jou pad gegaan en so gedors in jou soeke nie. Asseblief, Here!

Kyk hoe kom die mooi meisie aan (Gen 24:15–16). Jy, die leser, weet reeds wie sy is. Jy kan haar kies vir Isak sonder dat sy haarself bewys. Maar sien jy hoe dors die kamele is? Het jy geweet dat een kameel amper 200 liter water op ’n slag kan drink? Sien jy hoe klein die meisie se kruik is? Wonder jy ook of sy wat só beeldskoon is, nie net vir die slaaf ’n bietjie water sal gee nie, maar enigsins haar sal steur aan hierdie vreemde pakdiere se onlesbare dors?

Hier, in verse 19 tot 21, skarnier die verbondsbelofte. Dis ’n oomblik in die verhaal wat die Joodse teoloog Meir Sternberg ’n "heart-stopper" noem. In stilte ontdek die slaaf dat Rebekka allermins te mooi of te vernaam is vir die oog van ’n naald. Haar gasvryheid ken geen gelyke nie. In ’n "non-stop blur of motion" sien ons hoe sy by die trappies van die put op en af skarrel om tweeduisend liter water met haar kruik te skink (Gen 24:19–20).

"Ja!" sê sy, sonder om te blik of bloos (Gen 24:58). Ja ek wil gaan!

Honderde myle verder is Isak op pad terug van die put van sy ma se slavin Hagar (Gen 24:62) — daar waar sy vir die eerste keer die ervaring gekry het dat God haar ook sien (Gen 16:13–14). Watter troos het Isak gehoop sou sy vind by daardie fontein van verlangse verlange? Dalk ontmoet hy sy stiefbroer om saam te lag soos in die ou dae? Dalk grawe hy dieper in sy afgestorwe ma se onversoenbare verlede? Om te rou is immers om te onthou en te dikwels om te probeer vergeet.

Maar die troos waarna hy soek, lê nie by Hagar se put of by sy pa se tent nie, want die verbondsbelofte is reeds by ’n ander fontein geskink. Rebekka ontvang God se belofte wat Isak bedoel is. Op haar skouers rus die kruik van God se goedheid nou en in haar hart bring sy die troos vir hom wat bedoel is om almal te te laat lag.

Welkom in die koninkryk van God, liewe Rebekka. Jou gulhartige "Ja!" eggo deur die eeue vir almal opsoek na wat dit beteken om mens te wees.

**GEBEDSPRAKTYK**

*Ons moedig lidmate aan om die volgende gebedsoefening daagliks te doen.*

Word stil en raak bewus van God se teenwoordigheid by jou en in jou.
Wie is dié God?
Verbeel jou Hy kyk na jou.
Hoe kyk Hy na jou?
Wat is die uitdrukking in sy oë?
Wat dink jy voel Hy terwyl Hy na jou kyk?
Is daar iets wat jy graag vir Hom wil sê?
Is daar iets wat Hy dalk vir jou wil sê?
Laat die gesprek spontaan ontvou.
Rus ’n ruk lank in sy liefdevolle blik en wees net mens in sy teenwoordigheid.